**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 15 APRIL 2026 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Ander raadslede:
Die Speaker, rdh M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H C A Witbooi
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

**1. OPENING**

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdd J M de Beer om die vergadering met gebed te open.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Kennis geneem van die verskoning ontvang vanaf rdl D G Bess.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Geen.

**4. NOTULES**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 24 MAART 2026**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 24 Maart 2026 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word, onderhewig aan die regstelling van spelfout in Item 7.2, paragraaf (7) van die aanhef, naamlik *older* (in plaas van *order*).

5./...

## 5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS UIT DIE NOTULES

### 5.1 NOTULE VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERINGS GEHOU OP 8 APRIL 2026

#### 5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES (7/1/2/2-1)

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

#### 5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE (7/1/2/2-4)

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

#### 5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die regstelling van aanhef insake die getal behuisingsgeleenthede in die 2026/2027 finansiële jaar na 413 (in plaas van 430).

#### 5.1.4 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2/-3)

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

## 6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

## 7. NUWE SAKE

### 7.1 AANBEVELING VIR DIE GOEDKEURING VAN DIE ORGANISATORIESE STRUKTUUR (4/1/1/2/1)

Die Munisipale Bestuurder verduidelik die wetgewende vereiste ingevolge Artikel 66 van die Gewysigde Munisipale Stelselswet, 2011 om jaarlikse die goedkeuring van die organisatoriese struktuur, hetsy daar wysigings was al dan nie, aan die Raad voor te lê.

‘n Bespreking volg aangaande die geweldige impak op die 2026/2027 bedryfsbegroting na aanleiding van die Nasionale Tesourie se vereiste dat die kapasitering van elektrisiteitsvoorsiening aan De Hoop, Yzerfontein en Darling teen ±R81 miljoen vanaf die kapitaalbegroting na bedryfsbegroting moet skuif. Die effek van voormelde is dat addisionele personeelbehoeftes nie in 2026/2027 aangespreek sal kan word nie, wat ‘n verdere negatiewe effek op dienslewering mag hê.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die organisatoriese struktuur en die rapporteringsvoldoening daarvan, op ‘n jaarlikse basis, aan die Raad aanbeveel vir kennisname.

**7.2 KWARTAAL 3: EKONOMIESE ONTWIKKELINGSVERSLAG (2/1/4/5)**

Die verslag gee ‘n oorsig van sleutel ekonomiese ontwikkelingsaktiwiteite en tendense in die derde kwartaal van die 2025/2026 finansiële jaar. Gedurende hierdie kwartaal was daar ‘n sterk fokus op beleggingsfasilitering en die verwysingsraamwerk van die LED-forum is hersien.

‘n Verdere hoogtepunt was die goedkeuring van RSEP-befondsing vir die Moorreesburg-herleweringsprojek en die voortgesette implementering van gemeenskapsaktiwiteite.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die Ekonomiese Ontwikkelingsverslag vir Kwartaal 3 (periode 1 Januarie 2026 tot 31 Maart 2026).

**7.3 VERSLAG INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAAL-BESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 JANUARIE 2026 TOT 31 MAART 2026 (8/1/B/2)**

‘n Verslag insake die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid moet op ’n kwartaallikse basis ingevolge paragraaf 6(3) van die Munisipale Voorsiening-kanaalbestuursregulasies aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê word.

Die verslag vir die periode 1 Januarie 2026 tot 31 Maart 2026 is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

(a) Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag ten opsigte van die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid soos beoog deur Artikel 6(3) van die Regulasies, sowel as verslae van die Formele Tenders (Bylae A), Informele Tenders (Bylae B) , en die Afwykingsverslag (Bylae C);

(b) Dat kennis geneem word van die dienste gelewer vir die tydperk 1 Oktober 2025 tot 31 Desember 2025 met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties is om die mark te toets en dus 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningskettingbestuurbeleid (Bylae D).

**7.4 KWARTAALVERSLAG INSAKE DIE PRESTASIE VAN KONTRAKTEURS (8/1/B/2)**

Die verslag ten opsigte van die kwartaallikse prestasie-evaluering van kontrakteurs wat ingevolge die Voorsieningkanaalbestuursbeleid aangestel is, word voorgelê ter voldoening aan artikel 116(2) van die MFMA en die kernprestasie-indikator van die Munisipale Bestuurder.

.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag insake die prestasie van kontrakteurs vir die periode 1 Januarie 2026 tot 31 Maart 2026.

**7.5 HERSIENING VAN KOMMUNIKASIESTRATEGIE EN VERWANTE BELEIDE (6/2/2/B)**

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste rapporteer dat met die jaarlikse hersiening van kommunikasie verwante beleide die behoefte geïdentifiseer is om die hantering van kunsmatige intelligensie (AI) by die beleide in te sluit.

Daar is dus wysigings aangebring aan die Kommunikasie- en Sosiale Mediabeleid, soos met die sakelys gesirkuleer.

Besluit/...

7.5/...

**BESLUIT**
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdh T van Essen)

(a) Dat die gewysigde Kommunikasiebeleid goedgekeur word met ingang vanaf 1 Junie 2026;

(b) Dat die gewysigde Sosiale Mediabeleid goedgekeur word met ingang vanaf 1 Junie 2026.

**7.6 UITSTAANDE DEBITEURE: MAART 2026 (5/7/1/1)**

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

‘n Bespreking volg aangaande die kommerwekkende styging in uitstaande debiteure, gegewe die laekoste behuisingsprojekte wat in die volgende finansiële jare gebou sal word, en die Nasionale Tesourie se norm van 95% betaalkoers wat in die weegskaal is.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Januarie 2026.

**7.7 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

Die Direkteur: Finansiële Dienste verduidelik, op navraag van rdh T van Essen, dat die eise ten opsigte van vandalisme van die Raad se eiendom normaalweg langer neem om te assesseer om te bepaal of die vandalisme oor ‘n lang termyn plaasgevind het en of dit ‘n eenmalige insident was. Die moontlikheid bestaan dat hierdie eise nie uitbetaal sal word nie.

Die voorsitter, met verwysing na die diefstal van toerusting, versoek dat kontroles verskerp moet word vir die uitreiking en inhandiging na gebruik van die toerusting.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Maart 2026 soos met die sakelys gesirkuleer.

**7.8 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: BETALING VAN MICROSOFT LISENSIE (8/1/B/2)**

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste gee agtergrond tot die aanstelling van Microsoft na afloop van die sekuriteitsbreuk in 2020 nadat ondersoeke uitgewys het watter stelsels/stappe geïmplementeer moet word om ‘n soortgelyke voorval te voorkom.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings prosedure in terme van paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die betaling van die laaste faktuur aan Microsoft vir die lisensie goed te keur teen ‘n koste van USD 94 140.06 (VAT uitgesluit);

(c) Dat die rede vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings prosedure aangeteken word as volg:

(i)/...

7.8/(c)...

(i) Gedurende die IT sekuriteitsbreuk is onderhandelinge met Microsoft aangegaan om die bestaande lisensie op te gradeer na die "Cloud based" lisensie om addisionele beskerming te bied vir die gewone kantoor sagteware (Word, Excel, Powerpoint en Outlook);

(ii) Om betaling aan die diensverskaffer te maak as 'n alleenverskaffer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(d) Dat kennis geneem word dat die koste teen mSCOA pos 9/216-655-1925 betaal is en dat daar genoeg fondse beskikbaar was om die koste van USD 94 140.06 (BTW Uitgesluit) te dek;

(e) Dat die Bestuurder Finansiële State versoek word om die bostaande redes as 'n nota tot die finansiële state by te voeg wanneer die state opgestel word;

(f) Die mark sal getoets word in die tweede kwartaal van die finansiële jaar voor daar 'n ooreenkoms aangegaan word met 'n verskaffer.

**7.9 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE *SLUDGE FEED PUMP* BY DIE MOORREESBURG WWTW (8/1/B/2)**

Die verwydering van slyk uit behandelde afvalwater vorm deel van die tersiêre prosesse by WWTW-werke. Meganiese toerusting, onder andere die s*ludge feed pump* word by die Moorreesburg WWTW gebruik om die slyk te verwyder en te ontwater en is die toerusting noodsaaklik vir die doeltreffende werking van die WWTW.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die *sludge feed pump* by die Moorreesburg WWTW deur Tra-col Solutions ten bedrae van R36 294,26 (BTW uitgesluit);

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:

(i) Die *belt filter press* sou vir 'n geruime tyd buite werking gelaat word indien die normale verkrygingsproses gevolg is;

(ii) Voormelde sou aanleiding gee tot 'n faling in die behandelingsproses, slyk verliese en finale uitvloeisel van swak gehalte wat nie aan standaarde voldoen nie en skadelik vir die omgewing kan wees;

(iii) Die herstel van die *sludge feed pump* is dus as 'n noodgeval hanteer;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R36 294,26 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/240-849-381 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.10 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL-WERK AAN DIE DOMPELPOMP NO 2 BY DIE PEKAN POMPSTASIE IN RIEBEEK KASTEEL (8/1/B/2)**

Die rioolpompstasie in Pekan, Riebeek Kasteel versamel en vervoer rou riool vanaf die residensiële area na die Riebeek Kasteel WWTW. Die pompstasie is toegerus met twee pompstelle. Een van die pompe het meganiese probleme gegee wat gelei het tot die gereelde oorloop van rou riool by die pompstasie.

Besluit/...

7.10/...

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die dompelpomp by die Pekan Pompstasie, Pomp 2 deur CAW ten bedrae van R34 195,00 (BTW uitgesluit);

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
   (i) Die dompelpomp sou vir 'n geruime tyd buite werking gelaat word indien die normale verkrygingsproses gevolg is;
   (ii) Voormelde sou aanleiding gee tot 'n oorvloei van riool by die pompstasie en 'n onderbreking in die lewering van die riooldiens;
   (iii) Die herstel van die dompelpomp is dus as 'n noodgeval hanteer;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R34 195,00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/240-849-381 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.11 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL VAN DIE DEZZI PADSKRAPER, MODEL MG80T, CK 15928 (8/1/B/2)**

Die Dezzi-padskraper, CK 15298, word in Darling en Yzerfontein gebruik vir die onderhoud aan grondstrate en brandpaaie.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel van die Dezzi-padskraper, CK 15298 deur Cape Diggers ten bedrae van R41 147,00 (BTW uitgesluit);

(c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(j) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien Cape Diggers die foutiewe parte van die padskraper moes uitmekaar haal om 'n kwotasie voor te berei;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R41 1476,00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/7-22-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.12 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTELWERK AAN DIE VOORLAAIER, CK 49106 (8/1/B/2)**

Die Voorlaaier, CK 49106, word gebruik vir die opruiming van onwettige stortingsterreinde in die Swartland munisipale gebied.

Rdh T van Essen dui op die noodsaaklikheid om onwettige vullisstorting meer doeltreffend aan te spreek wat sal beteken dat meer toerusting aangekoop sal moet word.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste bevestig dat die CK 49016 vroeër vervang sal moet word as aangedui op die vervangingsprogram.

7.12/...

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel van die dubbeldoel laaibak van die Voorlaaier, CK 49106, deur Babcock ten bedrae van R183 083,36 (BTW uitgesluit);

(c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(g) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien Babcock die ondersteuningsagent van Volvo toerusting in die Wes-Kaap is

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R183 083,36 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/7-18-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.13 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL-WERK AAN VULLISVRAGMOTOR, CK 29021 (8/1/B/2)**

Die Vullisvragmotor, CK 29021, word in Moorreesburg aangewend vir die skoonmaak van strate.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel van die *spring blades* van die Vullisvragmotor, CK 29021 deur UD Trucks ten bedrae van R46 251,63 (BTW uitgesluit);

(c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(d) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien UD Trucks die OEM en die gemagtigde agent van UD Trucks is;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R46 251,63 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-91-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.14 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL-WERK AAN DIE JOHN DEERE TREKKER, CK 26025 (8/1/B/2)**

Die John Deere Trekker, CK 26025, word deur die Parke-afdeling gebruik vir hul werksaamhede in Malmesbury.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel van die *hydro lift* van die John Deere Trekker, CK 26025 deur AFGRI Equipment ten bedrae van R38 142,99 (BTW uitgesluit);

7.14/...

(c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(d) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om ‘n formele tenderproses te volg nie, aangesien AFGRI Equipment die gemagtigde agent van John Deere toerusting is;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R38 142,99 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-4-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.15 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL VAN DOMPELPOMP BY DIE DARLING ASLA RIOOLPOMPSTASIE (8/1/B/2)**

Die rioolpompstasie in Darling versamel en vervoer rou riool vanaf die residensiële areas in Darling na die Darling WWTW. Die pompstasie is toegerus met twee pompstelle. Een van die pompe het meganiese probleme gegee.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die dompelpomp by die Darling WWTW deur CAW ten bedrae van R68 518,75 (BTW uitgesluit);

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
   (i) Die dompelpomp sou vir ‘n geruime tyd buite werking gelaat word indien die normale verkrygingsproses gevolg is;
   (ii) Voormelde sou aanleiding gee tot ‘n oorvloei van riool by die pompstasie en ‘n onderbreking in die lewering van die riooldiens;
   (iii) Die herstel van die dompelpomp is dus as ‘n noodgeval hanteer;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R68 518,75 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/240-849-381 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**(GET) J H CLEOPHAS**
**UITVOERENDE BURGEMEESTER**